higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

EDUCARE DIDAKTIEK TEORIE EN PRAKTIES N4

28 Mei 2021

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	Waar
	1.1.2	Waar
	1.1.3	Onwaar
	1.1.4	Waar
	1.1.5	Onwaar
	1.1.6	Onwaar
	1.1.7	Waar
	1.1.8	Onwaar
	1.1.9	Onwaar
	1.1.10	Onwaar

(10 × 2) (20)

1.2	1.2.1	B
	1.2.2	D
	1.2.3	E
	1.2.4	I
	1.2.5	F
	1.2.6	G
	1.2.7	L
	1.2.8	J
	1.2.9	K
	1.2.10	A
	1.2.11	M
	1.2.12	P
	1.2.13	O
	1.2.14	Q
	1.2.15	N

(15 × 2) (30)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1

Kleur	Psigologiese effek	Mees geskikte area om te gebruik
Rooi	Energie, stimulerend, uitdagend, gelukkig, antagonisties, somtyds irriterend✓	Gebruik vir meubels eerder as mure Buite-areas en toerusting✓
Groen	Kalm, verfrissend, rustig, stil✓	Leeshoekie, rus-area, eetvertrek, isolasiekamer✓
Blou	Kalmerend, sensitief, veilig, gemaklik, hartseer produktiwiteit✓	Leeshoekie, rus-area, eetvertrek, isolasiekamer Kognitiewe areas✓
Geel	Lighartig, vrolik, inspirerend, lewendig✓	Groot-motoriese-aktiwiteitsarea, kunshoekie, musiekhoekie Klein hoeveelhede in die speelkamer✓
Wit	Koel, suiwer, skoon, eerlik, klinies, higiënies✓	Kombuis, isolasiekamer, lees-, rus-, eet-, administratiewe area✓
Oranje	Warm en stimulerend, verwelkomend, joviaal, energiek, kragdadig, lughartig✓	Ingang na die fasiliteit, kantoorgebied wat aanloklik moet wees Groot-motoriese-aktiwiteitsarea✓

(6 × 2) (12)

2.2.
- Vensters – maak oop vir koel lug, of maak toe om warm lug uit te hou
- Lugversorgers
- Draagbare verwarmers/muurverwarmers
- Waaiers in die somer – draagbaar of dak – buite bereik
- Gordyne om die warm son uit te hou (4)

2.3 2.3.1 Die waarde van morsige spel
- Fisies: Ontwikkel fynspiervaardigheid en hand-oog-koördinasie. Groot beweging sal grootspiervaardighede ontwikkel.
- Sosiaal: Leer om te deel, beurte te maak en te wag.✓✓
- Emosioneel: Druk emosies op 'n aanvaarbare manier uit. Trots en aanvaarding as 'n baba geprys word. Ontwikkel konsentrasie. Help om spanning te verlig✓✓
- Intellektueel: Denkvaardighede ontwikkel, begin van basiese wiskunde soos vorms, groottes en volume. Probleemoplossingsvaardighede, bv. hoe om 'n kryt vas te hou. Leer hoe verskillende goed lyk, voel, ruik en smaak. Hulle leer oor verskillende teksture. Oorsaak en gevolg.✓✓
- Morsige spel is kreatief. Oop media.
- Taal: nuwe woordeskat. (Enige 4 × 2) (8)

2.3.2
- Vingerverf
- Speel met speeldeeg
- Krabbel
- Verf
- Skeur- en plakaktiwiteite
- Sand- en modderspel
- Spel met water
- Spel met jellie
- Spel met Gloop
- Spel met skeerroom (Enige 4 × 1) (4)

2.3.3
- Plek – hang van die aktiwiteit af – Krabbel, skeur en plak, deeg – binnenshuis. Spel met sand, modder en water – buitenshuis.✓✓
- Tyd – Word deur die dag aangebied, maar gewoonlik in die oggend. Ten minste een morsige spel per dag.✓✓
- Metode – Klein babas op jou skoot. Ouer kinders onafhanklik met min of geen hulp van volwassenes nie.✓✓
- Alle hulpbronne vooraf voorberei.✓✓
- Dra voorskote; trek moue op indien nodig.✓✓
- Binnenshuis, vloer beskerm; buitenshuis afdak vir reënerige dae. (Enige 3 × 2) (6)

2.4
- verskillende vrugte
- koffie
- essensiële olies soos laventel
- sjampoe
- seep
- vanilla
- kaneel
- blomme
- parfuum
- voedsel (Enige 4 × 1) (4)

2.5 2.5.1 Parallelle spel✓
- Dit mag lyk asof kinders saam speel, maar eintlik speel hulle alleen.
- Bv. twee kinders bou blokke – elkeen bou sy eie toring
- Die kind sal met hom-/haarself of ander praat.
- Dikwels kom 'n verbeelde vriend na vore.✓✓✓ (4)

2.5.2 Sosiale spel✓
- Kind begin stadig om van twee tot vier in 'n groep saam te speel
- Speletjies word volgens reëls gespeel
- Hulle kan saamwerk, beurte maak, idees deel en wen of verloor.
- Geniet voorgee – huis-huis, mamma, pappa, ens.✓✓✓ (4)

2.5.3 Alleenspel✓
- Die kind speel alleen
- Die kind toon nie enige belangstelling in ander kinders nie
- Hulle kyk dikwels hoe ander speel
- Die kind is meer betrokke by die ontdekking van voorwerpe as wat hy/sy daarmee speel.✓✓✓ (4)

[50]

VRAAG 3

3.1 3.1.1
- Die insameling van inligting oor die kind se vermoëns, sterk punte en swakhede deur die kind noukeurig dop te hou om inligting in te samel deur informele onderhoude, direkte waarneming, luister hoe die kind kommunikeer en die kind se reaksie op ander.✓✓✓

OF

- Waarneming is kyk met 'n spesifieke doel. Neem kennis, kyk aandagtig en fokus op een bepaalde aspek van die kind. Die versorger moet doelbewus oplet wat met die kinders om haar gebeur – maak geheueprente, video kan gebruik word.

OF

- Observasie verwys na die praktyk om kinders tydens hul normale daaglikse aktiwiteite dop te hou om hul vordering en enige uitdagings wat hulle mag ervaar waar te neem. Dit vereis deeglike en ingeligte oorweging van die kind in aksie. (3)

3.1.2 Verseker behoorlike waarneming
- Professioneel en vertroulik
  - Geen inligting lê rond nie
  - Moenie kinders met ander ouers bespreek nie
  - Spesialisterugvoering word geliasseer
  - Kinders moet nie bewus wees dat waarneming plaasvind nie
- Behoorlike beplanning vir waarneming is belangrik
  - Hou 'n klein notaboekie byderhand
  - Weet waarna om te kyk
  - Evalueer deur die dag
  - Evalueringsblad kan help
- Wees objektief
  - Neem elke aspek individueel waar
  - Moenie persoonlik raak nie
  - Interpreteer resultate sorgvuldig

Kopiereg voorbehou

- Wees eerlik.
- Bly in die agtergrond van area waar kinders waargeneem word – kom en gaan ongemerk.
- Sit op 'n lae stoel – dit trek minder aandag.
- Sit aan die rand van die aktiwiteit – teen die muur.
- Beweeg ongemerk wanneer van een aktiwiteit na die volgende gevolg word.
- Beantwoord vrae, maar vermy 'n gesprek.
- Moenie die kind se aandag trek nie – moenie glimlag of knipoog nie.
- Vermy gesprekke wat volwassenes tydens observasie.

(Enige 4 × 2) (8)

3.2 Die personeel en die dagmoeder se behoeftes

- Gemaklike kantoor/personeelkamer – stoele✓✓
- Private plek om ouers te ontmoet.✓✓
- Veilige plek om persoonlike eiendom te hou.✓✓
- Maklike toegang tot materiaal in die vertrek, hulpbronne beskikbaar vir beplanning, bv. internet en rekenaars.✓✓
- Genoeg stoorplek
- Kleedkamer vir volwassenes
- Veilige plek om voertuie te parkeer
- Uitleg van die dagsorgsentrum moet verseker dat hulpbronne en toerusting naby die toepaslike stasies is om maklike toegang vir die versorgers te verseker.

(Enige 4 × 2) (8)

3.3 Waarde van geskrewe beplanning

- Geskrewe beplanning = beter beplanning, oorweeg aanbiedings sorgvuldig.
- Kurrikulum wat vir ouderdom toepaslik is, moet beplan word.
- Kan sien wat vir die hele week beplan word – alles word voldoende gedek.
- Menslike geheue kan soms faal.
- Plaasvervangers sal weet wat om te doen
- Dit bied kontinuïteit.
- Beplanning vir die volgende jaar sal makliker wees.
- Verwys na die beplanning wanneer verslag vir die hoof opgestel moet word.
- Verslag vir spesialiste – verwys na die werk wat gedoen is.
- Versorger sal beter voorbereid wees.
- Kry materiaal en hulpmiddels vooraf gereed.
- Kan vooraf vir hulp vra indien dit sou nodig wees (bv. ekstra hulp met kunsaktiwiteit).
- Aanbiedings kan vergelyk word.
- Die realisering van doelwitte is moontlik, weet wat bereik moet word.
- Gee 'n mate van sekuriteit, tree met selfvertroue op.
- Evaluering is makliker vir die skryf van verslae. (7)

3.4 Beplan 'n taalaktiwiteit vir 'n groep van 3 babas (1–2 jaar oud).

Algemene inligting:
- Tipe les – Taal✓
- Tema – Enige✓
- Kinders se ouderdom – 1–2 jaar✓
- Dag van aktiwiteit – Enige✓
- Aantal kinders – 3✓
- Duur – 5–8 min✓

Inleiding – Doelwit	Aktiwiteit	Apparaat
Bv. Kry kinders se aandag ✓✓	Bv. Sing 'Hansie Slim' Enige ander toepaslike aktiwiteit✓✓	Bv. geen ✓✓
Hoofaktiwiteit/Kerndoelwit	**Aktiwiteit**	**Apparaat**
Bv. Nuwe woordeskat ✓✓	Bv. aktiwiteite: sing, kyk na prenteboeke, wys na liggaamsdele, maak klanke na, bv. dieregeluide Enige ander toepaslike aktiwiteit✓✓	Bv. Prenteboeke ✓✓
Samevatting – Doelwit	**Aktiwiteit**	**Apparaat**
Kalmeer kinders ✓✓	Bv. Sing wiegeliedjie Enige ander toepaslike aktiwiteit✓✓	Bv. geen ✓✓
Evaluering:		

(24)
[50]

VRAAG 4

4.1 4.1.1 Musiek word gedefinieer as die 'kuns om klanke te kombineer om die skoonheid van uitdrukking van emosie te toon'.✓✓

OF

'Stem- of instrumentgeluide wat so gekombineer word om pragtige vorm, harmonieë en uitdrukking van emosie te toon'

OF

In musiek word klank en ritme saamgevoeg. Musiek is bevredigend. Musiek sluit sing, luister, speel op instrumente en beweging op die maat van die musiek in.

(Enige 1 × 2) (2)

4.1.2 Rol van die versorger in die musiek-aktiwiteite

- Beplan aktiwiteite met sorg.
- Sing ook tydens daaglikse aktiwiteite (doeke ruil, hande was).
- Help kinders om bewus te wees – klanke-stilte; volume; ritme. Help hulle om na iets spesifiek te luister.
- Kry kinders sover om voorwerpe ritmies teen hul lywe te klop.
- Ondersoek ritme saam.
- Kies rympies en liedjies wat vir die kinders sin maak.
- Sing liedjies met 'n positiewe boodskap.
- Herhaling van geskikte klanke.
- Moet kinders nooit dwing om deel te neem nie.
- Gebruik liedjies uit verskillende kulture en tale.
- Wees entoesiasties.
- Gebruik toepaslike geraasmakers of hulpmiddels vir al die kinders.
- Laat hul vryelik beweeg – nie in die kring bly nie.
- Prys hulle voortdurend.
- Kyk hoe kinders instrumente gebruik en aan sangaktiwiteite deelneem. (Enige 6 × 1) (6)

4.1.3

- ratels
- dromme
- marakkas
- skudgeute (Enige instrument wat vir die ouderdom gepas is) (4)

4.2 Ouerbetrokkenheid in die VKO-sentrum.

- Ouervergaderings – reël 'n vergadering met 'n spreker om oor 'n onderwerp te praat wat met kinderontwikkeling te doen het.✓✓
- Uitstallings – Hou uitstallings van handgemaakte speelgoed/hulpmiddels om spel aan te moedig.✓✓
- Plakkate – maak 'n plakkaat vir bv. 'speelgoed wat fantasiespel aanmoedig'.✓✓
- Artikels – Stuur artikels huis toe oor onderwerpe wat vir ouers van hulp mag wees.✓✓
- Gesprekke by aankoms en vertrek – Praat oor die belangrikheid van spel.✓✓
- Werkswinkel – Beplan 'n werkswinkel vir ouers om te help om speelgoed te maak.✓✓
- Video's – vertoon 'n kort video oor onderrigmetodes wat in die VKO-sentrum gebruik word.
- Foto's – Stal foto's uit van die kinders wat speel.
- Observasie – Nooi ouers uit om tyd in die sentrum deur te bring.
- Verslag – stuur 'n verslag oor die kind se ontwikkeling. (Enige 6 × 2) (12)

Hantering van tekenmateriaal

- Maak altyd seker dat dit kind tekenmateriaal korrek hanteer – korrigeer sonder om 'n bohaai op te skop.
- Hou die papier met die vrye hand vas.
- Babas gebruik 'n vuisgreep – al die vingers word om die kryt gevou. Fynspiervaardighede nog nie ten volle ontwikkel nie
- Die kryt word gewoonlik in die palm met al die vingers daaromheen vasgehou – Palmer-greep. Elmboog na die een kant toe. Die hele arm word gebruik om te teken. (4)

4.4
- Vingers (bv. in sand)
- Waskryte
- Kryt
- Viltpenne (koki's)
- Kleurpotlode
- Gewone potlode
- Houtskool
- Pastelle (5)

4.5 4.5.1 Waarde van bokskonstruksies
- Geleentheid vir ondersoek en eksperimentering met vorm, kleur en tekstuur.✓✓
- Hand-oog-koördinasie word geoefen.✓✓
- Leer oor wiskundige begrippe (groepering; spesiale bewustheid; getalle; fatsoen).✓✓
- Help om kreatiwiteit te ontwikkel.✓✓
- Bevorder taalvaardighede wanneer skeppings verduidelik word.✓✓
- Selfvertroue ontwikkel wanneer die kind trots is op sy skepping.✓✓
- Bevorder sosialisering waar kinders leer om te deel en beurte te maak om toerusting te gebruik.
- Groot- en fynspiere ontwikkel wanneer materiale hanteer word

(Enige 6 × 2) (12)

4.5.2 Bokskonstruksiemateriaal
- bokse van alle vorms en groottes/joghurthouers/ polistireenhouers
- hout-/papiergom
- verf/koki's
- maskeerband
- skêr
- tinfoelie/borrelplastiek
- bottelproppe
- pennetjies
- tou/wol (Enige 5 × 1) (5)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou